NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 16 – Uitgawe 20

15 Junie 2023

# ’n Terugblik op Tooi Turkoois 2023

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Hoe ouer ’n mens word, hoe meer voel en ervaar jy dat jy op die rand gestoot word. Dit is asof jy nie meer so nodig is nie.**

In die oë van die sondige wêreld is dit waar dat ’n mens se waarde afneem hoe ouer jy word. Miskien is dit so omdat ons so materialisties ingestel is. Hoe ouer mense word, hoe meer verloor hulle waarde, maar hoe ouer meubels, antieke ware, antieke motors, ensovoorts, word, hoe hoër styg hul gesogtheid en hul verkoopprys.

God ag groot waarde aan mense, ongeag hoë ouderdom. Hy doen ook groot dinge deur ouer mense. Oral in die Bybel lees ons hoedat God bejaarde mense gebruik het om groot dinge te doen. Dink aan Abraham en Sara wat in hul bejaardheid die kind Isak verwag het. Uit hierdie nageslag is die volk Israel gebore, sodat ons almal vandag kinders van Abraham is.

Al die aartsvaders, Abraham, Isak, Jakob en ander, was in hul bejaardheid besondere instrumente in die hand van die Here. So ook Moses.

Lukas 2: 25-40 vertel van Simeon, ’n bejaarde man, vir wie God beloof het dat hy die Messias sal sien voor hy sterwe. Oor dié Kind het Simeon ’n loflied gesing en profetiese woorde gespreek. Anna was ’n bejaarde vrou, ’n profetes van 84 jaar, maar sy het nog elke dag die Here gedien.

Oupas en oumas speel ’n groot rol in hul kleinkinders se lewens. So is Timoteus nie net deur sy moeder gevorm nie, maar ook deur sy ouma Loïs.

Gedurende die verouderingsproses neem die intellek en skerpheid van die brein af, maar die kreatiwiteit en ervaring maak dat mense dikwels hul grootste werke op ’n gevorderde ouderdom skep. Mense behaal doktorsgrade op 90 jaar.

In die oë van die wêreld verloor mense waarde. In God se oë styg mense in waarde. Jy word in ’n besondere sin al hoe meer bruikbaar in die Here se diens.

Die Tooi Turkoois-inisiatief het sy ontstaan in 2013 gehad en plaas die fokus op bewusmaking van bejaardes en hul uitdagings. Die veldtog wat van Mei tot Junie elke jaar duur, poog om die klem in dié tyd te laat val op die versorging van bejaardes, maar wil ook deur middel van verskillende aksies, bejaardes spesiaal en waardevol laat voel.

Hierdie veldtog word ook erken as een van ons land se nasionale bewusmakingsaksies. Bejaardes is immers van die kwesbaarstes in ons land met al sy uitdagings. Dit was dus verblydend om te sien hoeveel gemeentes, gemeenskappe en organisasies vanjaar weer aan die veldtog deelgeneem het. Oral is middele ingesamel en bederffunksies gehou.

Een van die grootste geleenthede vanjaar was die byeenkoms van nagenoeg 250 bejaardes by die Voortrekkermonument. Alhoewel dit vroegoggend bitter koud was, het dit nie die opgewondenheid gedemp nie en het besoekers van selfs so ver as Heidelberg, Krugersdorp en Delmas die geleentheid bygewoon. Die dag is opgehelder met kultuur, sang, volkspele, heerlike pannekoek en kerrie-en-rys, asook gesellige saamkuier en gesels.

Ons lewens is besig, maar sien die bejaardes om jou raak. Moenie toelaat dat hulle die “onsigbares” in die samelewing word nie.

Kom ons dank God vir die bejaardes in ons gemeenskap. Mag hulle soos Abraham, Simeon en Anna steeds bruikbare instrumente wees – geloofshelde om ander te inspireer.

**Ds Frikkie van Wyk, Montana-Oos**
**Voorsitter van Direksie, Ons Tuis (MSW)**

*** Die volgende uitgawe van *Blitspos* is dié van 29 Junie 2023.

## Lief en leed



Ds Martyn Redelinghuys

- Emerituspredikant **ds MJJ (Martyn) Redelinghuys** (92) is Vrydag 9 Junie rustig oorlede. Hy word oorleef deur sy vrou, mev Babs Redelinghuys, sy seuns ds Frans (emeritus) en Marius, en kleinkinders en agterkleinkinders. Die afgelope ses jaar kon ds Redelinghuys se bene hom nie meer dra nie. Die afgelope paar jaar het sy geheue stelselmatig verswak. Hy was die laaste sewe weke in die siekeboeg. Hy is aanvanklik opgeneem vir longontsteking en het herstel daarvan, maar nie sterk genoeg geword om weer in hul woonstel te kon woon nie. Mev Babs Redelinghuys (91) ly aan erge ruggraatverkromming wat veroorsaak dat haar longe soms nie genoeg suurstof kry nie. Sy gebruik al drie jaar lank 'n suurstofmasjien wanneer haar saturasie daal. Die roudiens vind plaas op **Woensdag 21 Junie om 10:00 vanuit Gemeente Wapadrant**; ds Martin Meyer van Secunda sal die diens lei. Predikante wat die diens bywoon, word vriendelik versoek om hul togas te dra. Ons innige meegevoel gaan aan mev Redelinghuys en die familie.

- **Prof Bieks Beukes** het gevra dat ons hierdie plaas: "Saam in diens van die Kerk – nee, in diens van die Here – het ons gewerk by Kital. Saam oorsee navorsing gedoen oor praktykopleiding in die kerk. Saam in die teologiese fakulteit probeer om teologiestudente toe te rus vir die bediening. En nou? Tydens my besoek aan **prof Lourens Steenkamp** na sy ongeluk het hy my nouliks herken. Ek en prof Johan Koekemoer, sy tydgenote, sy vriende, is saam met al ons kollegas hartseer. Ons bid saam met die Kerk dat die Here sy vrou Duveen, hul kinders en kleinkinders sal omstraal met sy liefde en genade, en hulle en ons kollega en vriend die krag sal gee vir die pad vorentoe."

- Baie sterkte ook aan al die predikante en lidmate wat tans gesondheidsprobleme ondervind. Ons dink onder meer aan **oudl Fred Paynter** (lid van die Kommissie van die AKV) wat ernstige voetbeserings opgedoen het; **mev Eunice Smit** (96), (weduwee van ds Stoffel Smit), wie se gesondheid baie verswak het; en **ds Gerhard Stoltz** (sekretaris van die ADV) wat longontsteking opgedoen het.



- Baie geluk aan **ds Johnny Young** van Rustenburg-Tuine met sy mooi Comrades-prestasie. Sy tyd was 06:24:27 in sy 24ste Comrades, 'n persoonlike beste tyd. Hy was algeheel 124ste, en die 34ste man tussen 40 en 49 – pas na sy 49ste verjaardag! Dit was sy 15de silwer medalje.



- **'n Mooi storie: Ds John Robert van Niekerk** van Gemeente Noordelike Pretoria vertel van hul kat: "In 2018 word Georgie, wat in daardie stadium nog net *Die Kat* was, gesien waar hy op die muur van Gemeente Noordelike Pretoria se ou kerkgebou in 12de Laan, Gezina, in die son lê. Hy was destyds baie menssku, en wou nie eens saam met die ander katte van die buurt wees nie. In 2019 begin Pikkie, adminbeampte van die gemeente, vir *Die Kat* kos uitsit en hy kry die naam Georgie. Hy het so deel van die gemeente geword dat toe daar getrek word, hy vir baie die grootste 'bekommernis' was. Maar ook dié kopseer is opgelos. Georgie is oor na Wonderboompoort, waar hy nou as Ds Georgie bekendstaan weens die wit hare op sy bors. Noordelike Pretoria is nie net dankbaar vir die hartlike ontvangs van ons deur Wonderboompoort nie, maar ook vir die ruimte voorsien vir *Die Kat*."

- **Die volgende predikante verjaar tot 30 Junie, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 15 Junie: Dr RA (Rudy) Denton (55) (Potchefstroom-Studente)
  - Vrydag 16 Junie: Dr JHL (Jan) Truter (61) (emeritus/Letsitele)
  - Sondag 18 Junie: Prof EC (Elsabé) Kloppers (64) (emeritus) en ds DJR (Danie) Malan (57) (Johannesburg)
  - Maandag 19 Junie: Ds W (Willem) de V Sauer (57) (Waterberg)
  - Dinsdag 20 Junie: Dr A (Annelie) Botha (45) (UP/Kempten)
  - Woensdag 21 Junie: Ds HT (Hennie) van der Linde (56) (Vliegepoort)
  - Saterdag 24 Junie: Ds PJE (Piet) Botha (80) (emeritus/Klerksdorp)
  - Maandag 26 Junie: Ds Y (Yolande) Kruger (50) (Pretoria-Oos)
  - Woensdag 28 Junie: Ds ER (Elsie) Pretorius (64) (emeritus)
  - Vrydag 30 Junie: Ds JC (Koos) Jansen van Rensburg (78) (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 10 Julie** bereik **vir 21 Julie** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.



Prop Charel du Toit



Ds Stephan Botha

- **Prop Charel du Toit** is op 8 Junie 2023 deur die Kommissie van die AKV tot die bediening toegelaat, gelegitimeer en beroepbaar gestel in die Kerk. Prop Du Toit het sy MTh in Nuwe Testament onder leiding van prof Ernest van Eck gedoen, en is tans besig met sy PhD in Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria en die Vrije Universiteit van Amsterdam. Hy was vroeër lidmaat van die Presbiteriaanse Kerk en die NG Kerk, maar is reeds die afgelope agt jaar betrokke by gemeentes Wapadrant en Centurion-Oos.

- Die Kommissie van die AKV ondersteun **ds GS (Stephan) Botha** se nominasie vir verkiesing tot die direksie van die Voortrekkermonument. Die Kommissie bedank drr C (Christo) Pretorius en WC (Wouter) van Wyk vir hul dienstydperke in die betrokke direksie.

- Op die voorblad van 4 Mei se *Blitspos* het **dr Martin Jansen van Rensburg** van Delmas vertel dat hul dorp deur iemand buite Delmas genomineer is vir kykNET (Kwêla) se kompetisie Dorp van die Jaar. Verlede Sondag is aangekondig dat Delmas die Mpumalanga-finalis in die kompetsie is. Baie geluk!

- **Gemeente Laer Suidkus** word **50 jaar oud** op 17 Junie vanjaar. Die geleentheid word gevier oor die langnaweek van 16 tot 18 Junie. Op **16 Junie** vanaf 12:00 word ’n **spitbraai** gehou op die kerkterrein te Scottstraat 3, Port Shepstone. Op **18 Junie** om 09:30 word ’n **dankdiens** gehou in die kerkgebou, en na afloop van die erediens word ’n vingerete aangebied. Oudlidmate en ander belangstellendes wat die geleenthede wil bywoon, moet asseblief skakel met ds Jacques Pieterse by 082 458 4482.

- Die **ringe van Bloemfontein en Bothaville** het gedurende Mei 2023 saamgesmelt en staan nou bekend as die **ring van die Vrystaat**. Die voorsitter van die ring is ds JJ (Jaco) Dreyer, en die skriba is ds L (Lynette) Lötter. **Op die foto** is **dr Carel Botma** van Bothaville en **ds Jaco Dreyer** van Bloemfontein saam besig met ’n simboliese handeling om die samesmelting voor te stel.



- Die Kommissie van die AKV het aan die begin van die jaar by die bosberaad besluit om al die **ringe in die land** tydens hierdie termyn te gaan besoek. Die Kommissie het die sekretaris opdrag gegee om ’n prioriteitslys vir besoeke op te stel, en daarom word ringe wat graag gou ’n besoek van die Kommissie wil ontvang, vriendelik versoek om **dr Wouter van Wyk** by **wouter@nhk.co.za** of **karen@nhk.co.za** daarvan in kennis te stel. Die ringskommissies moet asseblief ook ’n aanduiding gee van ’n geskikte tyd om elke ring te besoek.

- Ringskommissies en gemeentes word versoek om toe te sien dat **ringsargiewe en finansiële rekords** veilig bewaar word, veral waar gemeentes ontbind of gemeentes/ringe saamsmelt. Daar is oor die afgelope 20 jaar min ringsargiewe aan die Kerkargief oorgedra. Nuwe ringskribas word versoek om hieraan aandag te gee wanneer hulle dokumentasie van die uittredende ringskriba ontvang, en die Kerkargivaris, mnr Nándor Sarkady, te kontak by **argief@nhk.co.za**.

- **Werkruimte vir voltydse bediening: Gemeente van der Hoff.** Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om die werkruimte te vul.

  **Gemeente:** Van der Hoff openbaar ’n kopspiritualiteit; dit wil sê, die gemeente ervaar God deur hul intellek, rede en geloofsoortuiging. Daarteenoor het die meerderheid lidmate ’n hartspiritualiteit by hulself geëvalueer; dit wil sê, die lidmate ervaar God deur hul emosies, warmte, en persoonlike verhoudings. Die gemeente is gereed vir groei en sal veral wil fokus op ’n herontdekking van hul roeping. Die gemeente is 90 jaar oud. Die gemiddelde

ouderdom van die gemeente se 497 belydende lidmate en 141 dooplidmate is 42 jaar. Van der Hoff funksioneer as 'n pastorale gemeente.

Die gemeente se kerkgebou is in Groblersdal (hv Cheetah- en Springbokstraat). Die pastorie is op dieselfde terrein as die kerkgebou. Die lidmate woon in en om die dorp. Kontak met die lidmate en huisbesoek is baie belangrik.

Pligte soos in die Kerkorde, moet uitgevoer word. Die riglyne vir 'n volversorgde standplaas, soos voorgestel deur die Sinodale Dienssentrum, word gevolg.

**Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente baie belangrik.

**Aansoeke sluit op 30 Junie 2023.** Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV wat 'n kort verslag van die afgelope drie jaar se VBO-krediete insluit. Met ontvangs van die CV sal 'n vraelys aan u gestuur word. Die vraelys moet eerlik en sorgvuldig ingevul word. Alle korrespondensie word aan die skriba, Johan Lindeque, gerig (082 567 2577 / **johanlind@absamail.co.za**). Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie.

- **Gemeente Philadelphia** het 'n vakature vir 'n **terreinbestuurder**. Die pos is vanaf 1 Junie 2023 beskikbaar. Belangstellendes kan 'n e-pos stuur aan dr Sanrie de Beer by **nhkphiladelphia@gmail.com**.

- **Gemeente Naboomspruit: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur na **nedhervkerknbs@gmail.com** of Marlene kontak by 014 743 1325 tydens kantoorure (08:00-13:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is op die hoek van Vyfdelaan en Nelson Mandelarylaan in Naboomspruit.

- Ds Carel Johann de Bruin by die **SP Engelbrecht-museum** is op soek na 'n **vrywillige helper** om soggens of in die namiddag binne-in uitstalkaste te help skoonmaak. Dis delikate werk, en die persoon moet verkieslik iemand wees wat 'n passie het vir geskiedkundige voorwerpe. Kontak ds De Bruin 082 733 3951.

## Vergaderings

- Donderdag 15 Junie: Rata Finkom
- Dinsdag 20 Junie: DPS en Plesion Finkom
- Vrydag 23 tot<br>Sondag 25 Junie: 49ste Nasionale NHSV Kongres

## Kerklike publikasies


NHKA | Die Hervormer
Het die kerk 'n toekoms nodig, of het die toekoms 'n kerk nodig?

- In die **Junie/Julie 2023-uitgawe van *Die Hervormer*** vra **ds Steve Oxton** twee vrae: Het die kerk 'n toekoms nodig? Het die toekoms 'n kerk nodig? Die antwoorde oor die toekoms van die kerk bly spekulatief, maar op die tweede vraag waag ds Oxton 'n antwoord: *Beslis! Die toekoms sal waarskynlik steeds persone hê wat honger, dors, siek, in die tronk, naak en eensaam is (vgl Matt 25: 31-46). Dit sal steeds ons roeping bly om God se lig in hierdie omstandighede te gaan skyn. Die kerk is, daarom, in goeie hande: nie ons s'n nie, maar God s'n.* **Dr Johan van Staden**, redakteur, skryf soos volg: *Protestante protesteer – dit is nie in ons aard om die status quo sommer net klakkeloos en gelate te aanvaar nie. 'n Kerk sonder 'n openbare gesig, stem en teenwoordigheid is gedoem tot irrelevansie. Christene is vroeg reeds opgeroep om sout en lig te wees in hierdie wêreld – om 'n spreekbuis te wees vir hulle wat nie 'n stem het nie en om op te staan teen alle vorme van onderegtigheid, wanorde en onderdrukking.* **Ds Colin Hertzog** vertel van die inisiatief *Groot gemeentes wat leer*, en **ds David Barnard** kyk terug op 90 jaar van seën met die Bybel in Afrikaans. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.

## ’n Gedig

**verjaardag**

eers met die eerste letters op ’n stuk papier
met vetkryt iewers teen ’n mooi stuk muur

begin mens horterig sukkel aan die bedryf
van dinge stuk-stuk ewig maak deur dit te skryf:

(deesdae sien ek word vingers blykbaar vroeg reeds swak,
kry kleintjies letters om teen yskasdeure vas te plak

– dis nog te sê as hulle wis dat letters sê,
want kassiekoors het lees eenkant gegooi en daar laat lê)

maklik is die kringetjie van o, die streep van l;
die s van slangetjie op sy manier nog spel.

maar wanneer jy die moeilikes bemeester het,
word alles woordvas, kom sin sit in die alfabet

dan pas kan jy, as jy gelukkig is, begin
om ook oor mense ordelik, geboekstaaf te besin:

soos vriend en vyand in die mis verdwyn,
kan jy die jare almal op mekaar laat rym.

* * *

dink jy. nooit word mens meester van die skryf,
voel keer op keer hoe vat die seer se strop die lyf,

vlek die lei, klad die skoon papier van sweet,
bly weet steeds uit, en jy analfabeet.

**Fanie Olivier**
(Uit: *apostroof*, 2010)

## Toerusting




- ’n Opname van die aanbieding ***The Millennial Narrative*** wat op 23 Mei plaasgevind het, is ***hier*** beskikbaar. Skakel met drr Pierre Jacobs, Frikkie Labuschagne en André Ungerer vir voortgesette gesprekke.

- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-aanbiedings en Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens* **(ds Hannes van der Merwe)**; en Module II – *Hoe berei predikante preke voor* **(dr Gerhard Nel)**. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by **https://youtu.be/TnQNNDxzmP4** afgelaai word.




- **Seminaar: Prof Dennis Olson**
  **Dinsdag 20 Junie 2023 van 09:00 tot 13:45**
  *Preaching the Old Testament in a Christian church*
  R150 (sluit verversings in)
  NGK Stellastraat (hv Olivier- en Stellastraat, Brooklyn)
  **Navrae:**
  Lance Thomas: **lance.thomas@up.ac.za**
  Rika: **excelsus@up.ac.za**

- **Society of Biblical Literature (SBL): Internasionale kongres**
  **Universiteit van Pretoria: 3-7 Julie 2023**
  Die Departemente van Ou Testament en Hebreeuse Geskrifte, en Nuwe Testament en Verwante Literatuur (Fakulteit Teologie en Religie), bied hierdie jaar die internasionale kongres van die Society of Biblical Literature (SBL) op die UP-kampus aan. Die Departement van Antieke en Moderne Tale (Fakulteit Geesteswetenskappe) is mede-gasheer van die byeenkoms.

  Hierdie sal slegs die tweede keer in die geskiedenis van die SBL as 'n internasionale vak-vereniging wees dat die kongres in Suid-Afrika aangebied word. Die eerste SBL-kongres in Afrika is in 1999 op die kampus van die Universiteit van Kaapstad (UCT) gehou, en UP het nou die voorreg om gasheer te wees vir 'n kongres van hierdie statuur. 'n Verwagte getal van 300 nasionale en internasionale akademici gaan dit bywoon en vanuit hulle onderskeie vakgebiede referate aanbied. Die Society of Biblical Literature (SBL), gestig in 1880, is 'n nie-winsgewende organisasie met 'n internasionale lidmaatskap van mense wat belangstel in die Bybelse, religieuse, en teologiese vakgebiede. Die missie van hierdie vakvereniging is om die Bybelwetenskappe te bevorder.

  U word hartlik uitgenooi om te registreer vir hierdie kongres en dit op die Hatfield-kampus van UP by te woon.

  Navrae: Mnr Fanie Fourie (**fouriefanie01@gmail.com**)

  SBL-webblad: **https://www.sbl-site.org/**
  International Meeting: **https://www.sbl-site.org/meetings/Internationalmeeting.aspx**

  Aanlyn programboek:
  **https://www.sbl-site.org/meetings/Congresses_ProgramBook.aspx?MeetingId=42**
  [Klik op die soekfunksie om die volledige programboek te kry]

- **Akademia** se eerste jaarlikse **Teologie- en Filosofie-konferensie** vind van **Donderdag 13 tot Saterdag 15 Julie 2023** plaas, daagliks van 08:00 tot 21:00, by Koningprotea en Hemingways, Leriba, Endstraat 245, Clubview, Centurion. Rig navrae aan dr Daniël Maritz by **danielm@akademia.ac.za**.

- **Kerkargief-konferensie: Woensdag 23 Augustus 2023**
  **NGK Vrystaat in Bloemfontein**
  Oor enkele van ons kerkfamilie se mees historiese dokumente
  Ouditorium van Oorlogsmuseum in Bloemfontein
  R250 per persoon
  Met proff Erik de Boer, Dolf Britz, Johann Rossouw en Lindi Koorts
  Drr Jurie van Wyk, Gideon van der Watt, Francois Smith en ds Jan Lubbe
  Registreer by Helena Smit 051 406 6725 / **argief@ngkvs.co.za**
  Navrae: Ds Jan Lubbe 082 784 9362 / **janlubbe1964@gmail.com**

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Barmhartigheid

- **Vakature vir 'n Administratiewe Klerk.** Die NWO Samewerkingsgroep van die NHKA fokus op kinderbeskerming en dienslewering aan die gemeenskap vanuit 'n Christelike etos. Is jy 'n dinamiese persoon wat onafhanklik kan werk, met 'n passie vir administrasie en dienslewering? Meet jou ervaring aan die onderstaande vereistes en doen aansoek indien hierdie die posisie is vir jou.

  Kontrakposisie: 40 ure per week.
  Salarisskaal tot R120 000 per jaar (pakket).
  Salaris word bepaal deur jare ondervinding en vaardigheidsvlak.
  Kantore in Derdepoort en Montana.

  **Minimumvereistes**
  - Graad 12.
  - Rekenaarvaardig met sterk fokus op Excel, tabelle, Outlook, Google Drive en Microsoft Office 365.
  - Geldige bestuurslisensie en betroubare vervoer na kantore in Derdepoort en Montana.

  **Sleutelvaardighede**
  - Akkurate invoer en verwerking van data.
  - Minimum een jaar ondervinding van kantooradministrasie.
  - Sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede.
  - Vermoë om by sperdatums te hou, spanning effektief te bestuur en effektief onder hoë druk te funksioneer.
  - Beplanning en organisering.
  - Noukeurige navolging van instruksies en prosedures.
  - Vermoë om onafhanklik te funksioneer en prioriteite te stel.
  - Werk in 'n omgewing wat streng vertroulikheid vereis.
  - Boekhou- of sekretariële kwalifikasie met ervaring in Pastel sal voorkeur geniet.

  Aansoekvorm kan aangevra word by **info@rata.org.za.** **Die sluitingsdatum vir aansoeke**

**is 19 Junie 2023.** Aansoeke wat nie aan die minimumvereistes voldoen nie, sal nie oorweeg word nie. Indien geen terugvoer teen 30 Junie 2023 ontvang is nie, aanvaar asseblief dat die aansoek onsuksesvol was.

- Gemeentes en lidmate wat **vrywillige bydraes aan Rata Maatskaplike Dienste** wil maak om hulle by te staan terwyl hul kontantvloei tans onder groot druk verkeer, kan dit in die volgende rekening inbetaal:

  **Instansie:** ABSA
  **Rekeningnaam**: Rata Maatskaplike Dienste
  **Rekeningnommer**: 002 060 0209
  **Takkode**: 632 005




- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit enkel-, eenslaapkamer-, 1½-slaapkamer- en tweeslaapkamerwoonstelle. Kontak Salomie Stolz by 012 329 4318 / 083 308 0520 vir meer inligting en pryse.

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Hartebeestpoort (Brits): Bergfietswedren 5 Augustus**
  Keuse van 3 afstande: 36 km, 91 km,156 km
  Plek: Brits-vliegveld
  Tyd: Begin om 07:00
  Aanlyn inskrywings kan gedoen word
  As voor 30 Junie ingeskryf word, is die inskrywings R100 goedkoper
  Tydhouers van buite af en kontantpryse
  **Navrae:**
  Ds Corlien van der Merwe 083 654 8154
  Eliska by Hartebeestpoort-kerkkantoor 012 252 4315
  Michiel Ras 072 605 1393
  Mias van der Merwe 083 320 2466
  **Webwerf vir meer inligting en inskrywings:** https://bosveldmtb.nhkhartebeestpoort.org.za/
  Ook onder “Bike Hub”
  Of soek op webwerf vir “Bosveldmtb”




- **Wen ’n jag-en-familie-wegbreek!** Die geleentheid om weg te breek na Kieuw vir die jag-en-familie-wegbreek van ’n leeftyd kan joune wees! Wen luukse selfsorgverblyf vir 10 vir drie nagte, asook die geleentheid om een eland, drie blouwildebeeste en vier rooibokke te jag (indien jy nie self kan of wil jag nie, sal Kieuw namens jou jag). Raak vir ’n paar dae weg in die ongerepte natuur en skep saam met jou familie opnuut onvergeetlike herinneringe. Klik hier vir kaartjies en navrae: **Kieuw Wegbreek**. Hierdie is ’n **projek van Gemeente Welgelegen-Pietersburg**.




- **Rata Maatskaplike Dienste**, een van die NWO’s verbonde aan die NHKA, hou jaarliks ’n **gholfdag** om broodnodige fondse aan te vul. Vanjaar word dit op **22 Augustus by Silver Lakes Golf and Wildlife Estate** gehou. Ons vra vir ondersteuning in die vorm van **vierbal-inskrywings, borgskappe en pryse**. Enige hulp word opreg waardeer. Begroot solank nou, kry jul spanne bymekaar en gaan loer na die witolifante wat as pryse kan dien. Dink ook asseblief aan kennisse en kontakte wat mag belangstel om hande te neem met ons en kinderbeskerming te ondersteun. **Inskrywingsvorms, borgskapvorms en meer inligting** kan aangevra word van Charmaine Fourie by **charmaine@rata.org.za** of 071 684 7796.

  **Maandelikse bydraes** van enige bedrag help ons ook baie. Voltooi asseblief ons **donasie-vorm** by **http://rata.org.za/debit-order** of gaan na ons tuisblad **www.rata.org.za** en dan na DONATE. Alle bydraes word opreg waardeer. Rata Maatskaplike Dienste is gebore uit die NHKA en werk deur die jare onverpoosd voort om kinders uit haglike omstandighede te red en aan hulle die nodige beskerming en statutêre dienste te bied, asook om die kritieke pad na heelwording saam met hulle te stap. Die koste daarvan beloop **ongeveer R10 000 per jaar per kind**. Rata help meer as 1 000 kinders per jaar – kinders wat in omstandighede van mishandeling, verwaarlosing en selfs situasies van kinderhandel vasgevang is.

- Daar is ’n **geleentheid vir ’n gemeente of individu** om by die nuwe **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. ’n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by **072 737 3644**.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## Gebed vir die week

Liefdevolle Vader,
ek besef hoe swak ek is,
daarom vra ek U om my deur hierdie vallei te dra.
Ek sukkel om helder te dink,
daarom vra ek dat u lewende woord my sal lei.
Ek voel die donkerte om my,
daarom vestig ek my oë op u lig.
Ek loop met ’n swaar hart,
daarom wil ek hierdie sware vrag aan U oorgee.
Ek is angstig, want ek weet
dat my hart nie hierdie las veel langer kan dra nie.
Ek wil rus in u liefde en vrede.
Help my, Heer!
Amen.

**www.prayerscapes.com**

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk